

GEBEDSVERSOEKE

Neil de Wet, Hospitaal
(Margaret de Wet se seun)

Annalise Vorster, ICU - Septisaemia
(Arina Barnard se dogter)

Rousmart: Ons innige simpatie aan Arina Barnard en familie met die afsterwe van haar skoonseun, Leon Vorster.

Daar is altyd geleentheid om iemand wat swaarkry of siek is, te besoek.

Daar is mense wat aangebied het om te help met vervoer na 'n dokter of winkels.

Skakel ons gerus by die kerkkantoor, dan help ons jou om in kontak te kom met hierdie persone.

Skakel gerus ook die kerkkantoor indien jy huisbesoek verlang.

LEESROOSTER 2023

Die Leesrooster sal nie langer as 'n gedrukte kope uitgegee word nie en sal voortaan slegs aanlyn beskikbaar wees.

Kontak gerus Laetitia Petersen vir meer inligting.

Bybel-Media: Administratiewe Beampte: Verkope | Bible
Media: Administrative Officer: Sales

+27 21 864 8211 | F: 086 644 0002 | laetitia@bmedia.co.za

Ons sal egter steeds die tekste in die Rondebosie beskikbaar stel elke maand.



Gedruk deur: NG Rondebosch



BULLETIN

20 November 2022



Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.

We are an inclusive family which reaches out to the community with joy and with open doors.

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za

Besoek ons by: www.ngrondebosch.com

ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ

SnapScan



Scan here to pay

PROGRAM VIR VANDAG



InVia Kaapstad Kerssangdiens

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word nie vanoggend regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai nie. As gevolg van ons Kerssangdiens sal daar geen erediens op Facebook beskikbaar wees hierdie Sondag nie.

Daar's nog baie koninkryk oor om te kom - Frieda van den Heever

Die geboorte van Jesus – die koms van die koninkryk van God, God wat mens word, die Woord wat vlees word – beteken nie dat God ons red van die seer wat hierdie lewe meebring nie. Dit beteken God-is-met-ons. Vir die volgelinge van Christus, net soos vir almal anders, sal daar koue, eensame seisoene wees: siekte, frustrasie en 'n seisoen waarin ook ons gaan sterf. Avery Dulles skryf dat Kersfees nie vir ons 'n leer gee om uit die menslike kondisie te klim nie. Dit gee ons 'n boer om te graawe tot in die hart van alles wat is en om te vind dat dit glinster van Goddelikheid. In die grootse lofsang van Maria (Die *Magnificat*) is sy nie bevry van alle pyn of ongemak in haar lewe nie, dit was maar net die begin. Sy gaan haal nie hierdie lofsang op haar leer in die hemel nie, sy graawe diep in wat is en sê: “My **siel** maak die Here groot en my **gees** is verheug in God, my Saligmaker.”

Ons gaan Kersfees Sondag van alle kante af bekyk. *Both sides now* soos Joni Mitchell sing. Nie net die geboorte van die baba Jesus in doeke nie, maar die koms van die Koninkryk wat nie doekies omdraai nie. Die gebeurtenis waarin ons jaarliks die realiteit van ons eie lewens eer. Elke tree wat ons gegee het tot hier en dan veral die *giant leap* wat God geneem het om saam met ons mens te wees.

Skriflesings vir oordenking:

Luk. 1

Lofsang van Maria.

⁴⁶ En Maria het gesê: My siel maak die Here groot, ⁴⁷ en my gees is verheug in God, my Saligmaker; ⁴⁸ omdat Hy die nederige toestand van sy diensmaagd aangesien het; want kyk, van nou af sal al die geslagte my salig noem. ⁴⁹ Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en heilig is sy Naam. ⁵⁰ En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees. ⁵¹ Hy het deur sy arm kragtige dade gedoen. Hoogmoediges in die gedagtes van hulle hart het Hy verstrooi. ⁵² Maghebbers het Hy van Trone afgeruk en nederiges verhoog. ⁵³ Hongeriges het Hy met goeie dinge vervul en rykes met leë hande weggestuur. ⁵⁴ Hy het sy kneg Israel bygestaan, sodat Hy aan sy barmhartigheid sou dink — ⁵⁵ soos Hy tot ons Vaders gesprek het — aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.

Luk. 4

¹⁸ Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryself van hart is, te genees; ¹⁹ om aan gevangenes vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is, in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.

Liewe gemeente

Ek lees hierdie week die volgende wat Ron Rolheiser skryf aangaande gelowiges wat so maklik in die naam van die waarheid, maar buffelagtig (*my word*) kan optree: “*Because I am sincerely concerned about an important moral, ecclesial, or justice issue, I can excuse a certain amount of neurosis, anger, elitism, and negative judgment, because I can rationalize that my cause, dogmatic or moral, is so important that it justifies my mean spirit: I need to be this angry and harsh because this is such an important truth!*” Mag dit nooit waar wees van ons nie. Terwyl ons aan die belydenis vashou: “Jesus is die Here”, wil ons egter so oop en inklusief as moontlik wees. “*Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.*” Ons wil hierdie droom in 2023 met passie najaag.

Meeste van ons gemeente-aktiwiteite is nou besig om af te sluit. Ons laaste Kerkraadsvergadering vind op 24 November plaas. Die belangrikste saak op die agenda is die implimentering van ons doelwitte vir volgende jaar. Ons het 'n vorige keer hieroor geskryf, nl: **Geboue:-** Ons moet nou daadwerklik aandag gee aan die oprig van twee woonstelle agter die kerkkompleks op die parkeerarea. **Studente:-** Ons wil ons verhouding met die studentegemeente van die Gereformeerde kerk wat ook ons kompleks gebruik, uitbou. **Ekumeniese betrokkenheid:-** Ons wil die leraars van die onderskeie gemeentes in ons omgewing o.a. betrek by die sekuriteitsbeplanning in die omgewing. **Kontemplatiewe sentrum vir die gemeenskap:-** Ons wil begin om 'n ritme van een aanbiddingsdiens per week te vestig. **Kerksentrum:-** NG Gem Rondebosch word omskep in 'n sentrum van aanbidding, waar almal welkom is. Die detail van al dié sake sal na die vergadering bekend gemaak word. Ons hoop om in Februarie 'n “gemeentevergadering” te hou, waar ons verder oor die sake kan praat.

Ons verwelkom weer InVia wat hulle Kerssangdiens aanbied. Onthou ons Kerssangdiens volgende Sondag 27 November om 10:00 by die Kerkgebou en by Huis Lückhoff om 18:00.

Baie dankie vir almal wat reeds tot ons Dankseggingsmaand bygedra het. Ons hoop om dit teen die einde van November af te sluit. Jy het dus nog geleentheid tot dan.

Groete

Johan van den Heever

Geagte leser,

Ons is dankbaar vir elke *Kerkbode*-leser in julle gemeente. Julle subskripsie op *Kerkbode* vir 2023 stel ons redaksie in staat om stories van mense op 'n geloofspad te vertel.

Onderhou kerkjoernalistiek, wat die welstand van die NG Kerk se kommunikasie-ekosisteam verseker.

'n Verskeidenheid uitdagings het ons vanjaar by die punt gebring waar ons iewers moet aanpas met die hoop dat ons intekenaars saam met ons sal bly reis.

Vanaf 2023 herposisioneer ons die gedrukte *Kerkbode* as 'n maandblad. Daar gaan dus volgende jaar 12 gedrukte *Kerkbodes* wees. Die totale subskripsiebedrag per jaar vir gemeentes bly om en by dieselfde @R42 per kopie. (R504 per jaar vir 12 gedrukte kopieë). **Plaas jou bestelling voor 1 Desember en ontvang 3% afslag.**

Só reis julle saam met ons!

Opsie 1: Teken digitaal in (of hernu jou subskripsie) deur hierdie skakel te volg en te kies hoeveel *Kerkbodes* jou gemeente wil bestel. Die aanlyn sakrekenaar bereken die bedrag wat dit per uitgawe sal kos: <https://kerkbode.christians.co.za/BESTEL/>

Opsie 2: Vind hierby aangeheg: Die *Kerkbode*-bestelvorm. Let wel, jy kan dit digitaal invul en per e-pos stuur aan Viona Ross by viona@tydskrifte.co.za

Lees ook aangeheg: Interessante inligting oor wie *Kerkbode* lees.

Viona Ross

Kliënte-ondersteuningsbeampte | Client Supporter Officer

+27 8648278 | viona@tydskrifte.co.za

www.kerkbode.co.za | www.bybelmedia.co.za | www.biblemedia.co.za

Beste gemeente-intekenaar,

Dit is weer tyd om u intekening op LiG te hernu. Teken vandag nog in. Laat hierdie pragtige, inspirerende tydskrif deel van jou bediening aan vriende en familie wees.

Laat weet asb die Kerkkantoor indien jy wil inteken vir 2023. Plaas jou bestelling voor 1 Desember en ontvang 3% afslag.



LiG word elke kwartaal uitgegee en die intekenprys is billik @ R67 per kopie. (R67 x 4 = R 268 per jaar.)

Kontak my gerus met enige navrae.

Vriendelike groete,
Viona Ross, LiG-intekenare

Kliënte-ondersteuningsbeampte | Client Supporter Officer

+27 8648278 | viona@tydskrifte.co.za

www.kerkbode.co.za | www.bybelmedia.co.za | www.biblemedia.co.za



Stukkies Kersvreugde wat sal hou!

Badisa Wynberg, by wie ons vir baie jare betrokke was, en wat verantwoordelik was vir kindersorg, moes hulle deure einde Maart sluit. Dit was as gevolg van 'n tekort aan finansiële ondersteuning vanaf die staat se kant, sowel as gebrek aan fondsinsamelingspogings gedurende Covid. Oktober was gewoonlik Badisa-maand. Ons gaan egter hierdie maand reeds begin met **Stukkies Kersvreugde vir Huis Lückhoff**. Ons samel dus basiese toiletware in vir beide Oktober en November.

Dis weer tyd vir ons jaarlikse hulp aan bejaardes in die siekeboeg en demensie-eenheid van Huis Lückhoff. Daar is persone wat nie die basiese toiletware kan bekostig nie. Deur ons bydraes kan hulle deur die loop van die jaar voorsien word van die nodigste. Ons gaan hierdie jaar net die volgende items benodig:

Seep, Tandeborsels en Tandepasta (100ml), Babapoeier, roll-on deodorant (mans en dames), skeermesse en Aquas-room. Moenie die artikels toedraai of deftig verpak nie. Dit word aan die versorgers oorhandig. Geen lekkers of koekies is nodig nie.

Kom ons kyk of ons genoeg kan insamel sodat dit die hele jaar kan hou!

**Finansiële bydraes is baie welkom.
Ons koop graag die bogenoemde self aan!**

J y kan ook jou skenkings na die kerkkantoor toe bring of in die kartondose in die kerk plaas.

**ABSA Claremont, Rek 2870141125, Tak 632005,
Verwysing: Stukkies Kersvreugde**



Gedruk deur: NG Rondebosch



Dis Dankseggingsmaand (die ou Tiendemaand)

Oktober is tradisioneel Tiende-dankoffermaand. In ons gemeente het ons egter die gebruik om gedurende November die insameling te doen. Ons het besluit om dit nou Dankseggingsmaand te noem. Ons wil graag weer hierdie jaar poog om iets groots daarvan te maak. Ons eerste geleentheid waar ons die Here wil dank vir Sy goedheid, was Sondag 30 Oktober met Hervormingsfees. Ons sluit ons Dankseggingsmaand af op Sondag 27 November, dit is dan ook ons Kerssangdiens.

Waarom doen ons dit?

Ongelukkig is ons maandelikse dankoffers nie voldoende om ons lopende uitgawes te dek nie. Ons onderskeie funksies en geleenthede is alles pogings om die tekort op ons boeke aan te vul. Die uitgawes op die pastorie en kerkkompleks plaas verder druk op ons reserwefondse. Ons kon ons reserwefondse se opbrengs gebruik vir die herstel van ons kerkgebou. Dit is egter nie die ideaal om uit die reserwefondse te onttrek om die maand tot maand uitgawes te dek nie. Die Dankseggingsmaand is een van ons aanvullende inkomstebronne.

Hoeveel moet jy met die Dankseggingsmaand gee?

Dankoffers bly altyd 'n vrywillige gebaar van dankbaarheid teenoor die Here, dat ons ook hier met Sy werk kan besig wees. Hoeveel elke lidmaat gee, bly 'n saak tussen jou en die Here. Aanvanklik was die bedoeling dat lidmate in die Tiende-maand poog om regtig 'n tiende van hulle inkomste te gee. En party doen dit ook. Ons besef egter die ekonomie knyp. Ons het R120 000 begroot vir die Tiende-maand. Dalk dink jy dit is buitensporig. Gee dit wat jy kan gee en ons vertrou die Here vir die res. Ons poog steeds om met Sy geld God se droom hier waar te maak: Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.

Hoe kan ek my bydrae gee?

Sit jou offergawe eenvoudig by jou gewone dankoffer en betaal dit op dieselfde manier as wat jy elke maand doen. Jy sou dit ook apart elektronies kon betaal, of dit in die skatkis in die kerk kom gooi. Nog 'n opsie is om jou ekstra bydrae oor twee of drie maande te versprei. In kort: in 'n koevert, elektronies of met snapsan.

Erflatings?

Lidmate het oor jare heen in hulle erflatings 'n nalatenskap vir ons gemeente gelaat. Ons put steeds uit sulke erflatings wat die druk op ons finansies verlig. Wil jy nie dalk ook oorweeg om in jou boedel so 'n bemaking aan ons gemeente te doen nie? So ondersteun jy dan steeds ons gemeente, lank nadat jy nie meer hier is nie. Indien jou

testament nie op datum is nie, en jy wil dit graag aanpas, kontak gerus die kerkkantoor.

Wat doen ons met die gemeente se geld?

Ons moet natuurlik salarisse betaal. As leraar is ek dankbaar, saam met die ander personeel, dat ons steeds voltyds in diens kan wees. Vanuit die kantoor is die personeel egter ook met bedieninge aan lidmate besig. Ons is maandeliks betrokke by verskeie tehuse in ons omgewing (bv. Huis Rosedon, Avondsrus, Grovenor Square en Huis Lückhoff). Ons het sendelinge wat ons op die sendingveld ondersteun. In ons direkte omgewing help ons met die sekuriteit, deur middel van die monitering met die kameras. Soos reeds genoem, het ons ook groot instandhoudingswerk aan ons kerkgeboue en pastorie. Praat gerus met Gerrit van der Merwe indien jy meer insae in ons finansies wil hê.

Baie dankie vir elkeen se bydrae in die verband. Ons waardeer dit.

Dankseggingsmaand Inkomste

Dankseggingsoffers: R45 403
(Mikpunt: R120 000)

Erediensoffers: R 4 811
(Mikpunt: R12 000)

***Baie dankie vir elkeen se bydrae .
Mag die Here jou ryklik seën.***

PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag

10:00 Erediens HL
15:00 Grosvenor-tee

Donderdag

10:00 Bybelstudie kerksentrum
19:00 Kerkraadsvergadering

Woensdag

18:00 Steundienste
19:00 Woensdagaand-Selgroep

27 November

10:00 Kerssangdiens
18:00 Kerssangdiens HL

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Karen Nefdt 20 Nov Neline Theron 21 Nov Susan Rabe 23 Nov